**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2012

# GESKIEDENIS V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is in hierdie vraestel gebruik om kandidate te assesseer:

| LEERUIT-KOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE<br>Leerders kan die volgende doen: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkun-dige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkun-dige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en Kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br>4. Kennis en begrip op 'n verskeidenheid maniere oordra, insluitend bespreking (geskrewe en verbaal), debat en skep 'n stuk historiese skrywe deur 'n verskeidenheid genres te gebruik, asook navorsingsopdragte en verbale aanbiedings. |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## UITGEBREIDE SKRYFWERK

**2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:**

| VLAK VAN VRAE |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

**2.2 Nasien van UITGEBREIDE SKRYFWERK**

| |
|---|
| • **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'n SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**<br>• **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.**<br>• **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OPE-END BRONGERIGTE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.** |

**Globale assessering van uitgebreide skryfwerk**

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument;
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun; en
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met ŉ koeëlpunt), ŉ relevante slotopmerking (ook aangedui met ŉ koeëlpunt). By ŉ antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • verkeerde stelling | ________ |
| • irrelevante stelling | \| |
| • herhaling | **R** |
| • analise | **A**√ |
| • interpretasie | **I**√ |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4. Die Matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bladsy 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n finale punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 18 – 19 |
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bladsy 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I&A | VLAK 5 | 18 – 20 |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## Graad 12 rubriek vir uitgebreide skryfwerk

| AANBIEDING / INHOUD | **VLAK 7** Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerdeargument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig | **VLAK 6** Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun | **VLAK 5** Skrywe gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun | **VLAK 4** Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om te ondersteun. Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie | **VLAK 3** Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuienis. Skrywe gestruktureer. | **VLAK 2** Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/gepoog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1** Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *VLAK 7* Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| *VLAK 6* Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| *VLAK 5* Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| *VLAK 4* Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| *VLAK 3* Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| *VLAK 2* Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| *VLAK 1* Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant | | | | | | 9-10 | 0-8 |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## GRAAD 12 HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

| VLAK | Indien die kandidaat alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word. |
|---|---|
| **7<br>Uitstekend<br>80 – 100%<br>24 – 30** | Fokus deurgaans op onderwerp - demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp - neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom) |
| **6<br>Verdienstelik<br>70 – 79%<br>21 – 23** | Wend goeie poging aan om volhoudend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg<br>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp - neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom) |
| **5<br>Substantief<br>60 – 69%<br>18 – 20** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp meeste van die bronne<br>Gebruik meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne<br>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking, maar met foute<br>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik) |
| **4<br>Gemiddeld<br>50 – 59%<br>15 – 17** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking toereikend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3<br>Toereikend<br>40 – 49%<br>12 – 14** | Swak poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie - oor die algemeen irrelevant<br>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2<br>Elementêr<br>30 – 39%<br>09 – 11** | Gebruik slegs een of twee bronne<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie - of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie |
| **1<br>Nie behaal nie<br>0 – 29%<br>0 – 8** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Antwoord uiters swak bronne oorgeskryf sonder enige relevansie |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 1: HOE HET GORBACHEV SE BESLUIT VERANDERING IN DIE SOWJET-UNIE TEWEEG GEBRING EN OOK DIE SITUASIE IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

1.1 1.1.1 [*Verduideliking van begrippe uit bron 1A–V1–LU2(AS1)*]

(a) **Kommunisme**

- Is 'n politieke filosofie wat glo dat alle fabrieke, myne, winkels en ander besighede deur die staat beheer word in plaas van individu en dat almal 'n gelyke aandeel in die land se rykdom moes geniet.
- Enige ander relevante verduideliking (1x2) (2)

(b) **Staatsgreep**

- 'n Skielike en somtyds gewelddadige poging van burgers of die weermag om beheer oor die regering te neem (Om die regering omvêr te werp)
- Enige relevante verduideliking (1x2) (2)

1.1.2 [*Onttrekking van bewyse uit bron 1A–V1–LU1(AS3)*]

Perestroika/ Hervorming
Glasnost/ Deursigtigheid (1x2) (2)

1.1.3 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1A–V2–LU2(AS3)*]

- Gelei tot die beëindiging van kommunisme
- Konserwatiewe kommuniste geprotesteer teen demokratisering
- Val van die Berlynse-muur
- Onafhanklikheid van Oos-Europese lande (satelliet state)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

1.1.4 [*Interpretasie en sintese van informasie uit bron 1A–V3–LU2(AS2)*]

- Dit benadruk die feit dat die vorige regerings onderdrukkend was
- Mense kon vir die eerste keer openlik uiting gee aan hul gevoelens en mening
- Mense kon openlik uiting gee van hul ontevredenheid
- Het vryheid van spraak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2 1.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1B V2–LU2(AS2)*]

- Na die val van kommunisme kon die verskoning nie meer gebruik word dat die ANC kommunisties was nie
- Geen ondersteuning vir die ANC vanaf Sowjet-Unie meer nie
- Bekommerd hoe hulle apartheid sou regverdig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

1.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1B–V2–LU2(AS2)*]

- Beleid van apartheid laat vaar
- Politieke regte gee aan die meerderheid van die mense van Suid-Afrika
- Begin onderhandel met die ANC
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

1.2.3 [*Interpretasie en sintese van bewyse uit bron 1B–V3–LU2(AS2)*]

- Dit het die denke van die Nasionale Party omtrent hulle self en hul opponente verander
- Die NP kon nie meer aanspraak maak dat hy kapitalisme in Suidelike Afrika beskerm nie
- Die regering het geglo dat die ANC verswak sou wees sonder ondersteuning van die Sowjet-Unie
- Die VSA se wantroue vir die ANC as 'n kommunistiese front en hulle ondersteuning vir apartheid het irrelevant geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

1.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1B–V1–LU2(AS2)*]

- Sanksies toegepas op Suid-Afrika
- Val van die USSR
- Internasionale druk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

1.3 1.3.1 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1C–V2–LU2(AS2)*]

- Ontbanning van politieke organisasies
- Vrylating van politieke gevangenes
- Die grondslag gelê vir onderhandeling
- Die weg gebaan vir 'n nuwe dispensasie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1C–V2–LU3(AS2)*]

**Kandidate moet standpunt inneem en hul antwoord motiveer.**

**Nee**

- Dit het tot ŉ nuwe demokratiese Suid-Afrika gelei
- Enige ander relevante antwoord

**Ja**

- Hy was vasbeslote om die apartheidsbeginsel van groepsregte te handhaaf
- Enige relevante antwoord (Enige 1x3) (3)

1.3.3 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 1C–V3–LU3(AS2en3)*]

- ŉ Nuwe era in die geskiedenis van beide lande het ontstaan
- In beide lande was die meerderheid mense onderdruk, maar het nou vryheid geniet
- Verandering in leierskap in beide lande het tot politieke verandering gelei/vryheid van uitdrukking was toegelaat
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x3) (3)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne V3–LU1(AS3);LU2(AS2en3);LU3(AS2)*]

Kandidate behoort van die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Die val van kommunisme het die NP en ANC geforseer om met onderhandelinge te begin
- Interne druk
- Eksterne druk – sanksies
- VSA nie meer bereid om apartheidsregering te ondersteun nie
- Brittanje plaas druk op Suid-Afrikaanse regering
- USSR nie meer bereid om ANC te help nie
- USSR moedig onderhandelinge aan
- Onderhandeling begin na F.W. De Klerk se beroemde toespraak
- Enige ander relevante antwoord (6)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken::

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. **Toon geen of min begrip waarom die Suid-Afrikaanse regering geforseer was om sy apartheidsbeleid te verander**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **Toon begrip oor waarom die Suid-Afrikaanse regering geforseer was om sy apartheidsbeleid te verander**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip waarom die Suid-Afrikaanse regering geforseer was om sy apartheidsbeleid te verander**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.5.1 [*Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede – V1– LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe Gorbachev se besluit, nie alleenlik verandering in die Sowjet-Unie teweeg gebring het nie, maar in Suid-Afrika ook.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding:
Kandidate kan verduidelik waarom verandering noodsaaklik was in beide die Sowjet-Unie en Suid-Afrika.

Uitbreiding:
- Die Sowjet-Unie ekonomies verswak
- Gorbachev implementeer Perestroika en Glasnost
- Beleid van Perestroika en Glasnost - kortliks verduidelik
- Lei na meer demokratiese beleid
- Ope-deur beleid in die ekonomie toegepas
- Val van kommunisme – impak op Suid-Afrika
- Interne en internasionale druk
- Suid-Afrika kan nie meer apartheid regverdig nie
- Verdere bloedvergieting in Suid-Afrika te keer
- Verplig om met die ANC te onderhandel
- ANC kry geen steun van Sowjet-Unie
- Ook geforseer om te onderhandel
- Begin met die proses van onderhandeling om apartheid te beëindig
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting:
Kandidate moet hulle argument met relevante bewyse afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 7) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.5.2 [*Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun V2–LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en 4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet 'n opstel skryf oor hoe die val van kommunisme, interne en eksterne druk die NP regering en die ANC gedwing het om te onderhandel.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

<u>Inleiding</u>:
Kandidate moet verduidelik hoe die val van kommunisme die situasie in Suid-Afrika beïnvloed het.

<u>Uitbreiding</u>:
- Gorbachev se beleid van Perestroika en Glasnost
- Lei uiteindelik tot die val van kommunisme
- Geen "Sowjet-gevaar" meer nie
- ANC sonder finansiële en militêre hulp – verswak die ANC
- USSR het onderhandelinge aangemoedig
- Brittanje en VSA plaas druk op Suid-Afrika om te hervorm
- Sanksies en boikotte teen Suid-Afrika
- Suid-Afrika in 'n hoek vasgekeer
- Vorige onderhandelingspogings misluk
- Keerpunt bereik met De Klerk se toespraak in 1990
- Lei tot 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994
- Enige ander relevante antwoord

<u>Samevatting</u>:
Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 8) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

**[75]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE BYGEDRA TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA IN DIE 1990's?**

2.1 2.1.1 [*Interpretasie van bewyse uit bron 2A–V1–LU1(AS2)*]

- Die betrokkenheid van die Sowjet-Unie in Angola
- Die Sowjet-Unie gee finansiële en militêre hulp aan Angola
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

2.1.2 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2A–V2–LU2(AS2)*]

- Wou kommunisme versprei
- Het die MPLA -regering ondersteun wat kommunisties was
- Die Sowjet-Unie ekonomies kon voordeel trek uit die natuurlike bronne van Angola
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.1.3 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2A–V3–LU2(AS3)*]

- Na die ineenstorting van kommunisme het die Sowjet-Unie 'n meer demokratiese regeringstelsel aangeneem
- Verskaf nie meer militêre en finansiële hulp aan Angola nie
- Die Sowjet-Unie word aktief betrokke om 'n wapenstilstand tussen die MPLA en UNITA te reël
- Die Sowjet-Unie was deel van die vredesooreenkoms tussen die opponerende groepe
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.1.4 [*Verduideliking van begrip uit bron 2A –V1–LU2(AS1)*]

- Is 'n oorlog tussen verskillende groepe wat in dieselfde land woon
- Enige ander relevante verduideliking (Enige 1x2) (2)

2.1.5 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2A–V3–LU2(AS2)*]

- Die Sowjet-Unie en Kuba het die MPLA-regering ondersteun in Angola teen Suid-Afrika, bygestaan deur die VSA het die UNITA magte ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.1.6 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2A V1–V3–LU2(AS2)*]

- Vrees die verspreiding van kommunisme
- Dit die verbande ANC-beweging sou help
- Suid-Afrika wou ook Suidwes-Afrika (nou Namibië) beskerm teen kommunistiese oorheersing
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.1.7 [*Interpretasie van bewyse uit bron 2A–V1–LU2(AS)*]

- "Die mense van Angola kies die president en die Nasionale Vergadering"
- "Veelparty-verkiesing is in September 1992 gehou"
- "Die verkiesing is deur die Verenigde Volke as vry en regverdig verklaar" (Enige 2x2) (4)

2.2 2.2.1 [*Onttrekking van bewyse uit bron 2B–V1–LU2(AS)*]

- Diamante
- Petroleum
- Yster-erts (3x1) (3)

2.2.2 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2B–V2–LU2(AS2)*]

- As gevolg van die burgeroorlog wat na onafhanklikheid uitgebreek het
- Die diamantmyne wat deur UNITA beheer is, was gebruik om hul guerrilla-aktiwiteite te finansier
- Die MPLA het olievelde beheer
- Bekwame en vindingryke ingenieurs het die land verlaat a.g.v. die burgeroorlog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.2.3 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2B–V3–LU2en3(AS3)*]

- Produseer net genoeg vir eie gesin en nie vir die land se ekonomie nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3 2.3.1 [*Onttrekking en interpretasie van inligting uit bron 2C–V2–LU2(AS3)*]

- Onskuldige mense verloor ledemate
- Geen vryheid van keuse
- Meer as miljoen sterf
- Tekort aan gesondheidsfasiliteite
- Tekort aan voedsel
- Deel nie in die rykdom van hul land nie
- Tekort aan opvoeding
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.3.2 [*Interpretasie en analise van informasie uit bron 2C–V3–LU2(AS3)*]

**Kandidate kan met die stelling saamstem of nie saamstem nie. Hulle moet hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**Stem saam**
- Die mense van Angola moes veg teen die Portugese om onafhanklikheid te verkry
- Onmiddellik na onafhanklikheidswording het die burgeroorlog uitgebreek wat baie lewens geëis het
- Selfs na die ineenstorting van kommunisme en 'n demokratiese vorm van regering ingestel is het geweld nog steeds voortgeduur en baie sonder ledemate gelaat
- Enige ander relevante antwoord

**Stem nie saam nie**
- Voor die 1992-verkiesing was 'n vredesooreenkoms tussen die MPLA en UNITA gesluit
- 'n Wapenstilstand is deur beide partye aangegaan
- Na 1994 was die oorblywende UNITA magte opgeneem in die nasionale weermag en in prominente posisies in die regering aangestel om eenheid te bevorder
- Enige relevante verduideliking (Enige 2x2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


2.4 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne V3–LU1(AS3 en4);LU2(AS1,2 en 3);LU3(AS1,2,3 en 4)*] (6)

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die Koue-oorlog is deur Angola voortgesit in Afrika
- Beklemtoon die verhouding tussen die Ooste en Weste
- Die MPLA was deur die Sowjet-Unie en Kuba ondersteun
- UNITA ondersteun deur Suid-Afrika en die VSA
- Groot moondhede probeer om die ondersteuning van Derde Wêreld-lande te kry
- Die betrokkenheid van die supermoondhede het die geveg in Angola vererger
- Dit het 'n negatiewe impak op die ekonomie gehad
- Die burgeroorlog het die lewens van mense in Angola geaffekteer
- Angola het die fokus punt in die Koue-oorlog geword
- Enige ander relevante antwoord (6)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse **bv. Toon geen of min begrip van die betekenis van Angola i.t.v. die Koue-oorlog**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verbandmet die onderwerp bv. **Toon begrip oor die betekenis van Angola i.t.v. die Koue-oorlog**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse **bv. Demonstreer 'n deeglike van die betekenis van Angola i.t.v. die Koue-oorlog**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.5.1 [*Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse – gebruik analitiese en interpretasievaardighede – V1 LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR bygedra het tot die hervoorstelling van Angola in die 1990's.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding:
Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR die situasie in Angola beïnvloed het.

Uitbreiding:
- Gorbachev se hervorming gee aanleiding tot die ineenstorting van kommunisme
- Die Sowjet-unie implementeer demokrasie en ope-deur ekonomiese beleid
- Russiese satelliet-state word onafhanklik
- USSR nou gedwing om te onttrek van Angola
- As gevolg van die ineenstorting van kommunisme was dit nie meer nodig vir die VSA om die verspreiding van kommunisme te bekamp nie
- Die MPLA-regering het kommunisme afgelas en veelpartystelsel in gestel
- Beide die USSR en die VSA het die basis gelê om die burgeroorlog te beëindig
- Bicesse Vredesooreenkoms was deur beide die MPLA en UNITA onderteken
- Vry en regverdige verkiesing gehou soos verklaar deur die Verenigde Volke
- Buitelandse hulp en lenings lei na ekonomiese en sosiale veranderings
- Groei en ontwikkeling vind plaas
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting:
Kandidate moet hulle argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 7) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.5.2 [*Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer - gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun–V2–LU1(AS2en3);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie-saamstem met die aanhaling en hul antwoord motiveer.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding:
Kandidate kan fokus op die gevolge vir Angola met die ineenstorting van kommunisme.

Uitbreiding:
POSITIEWE ASPEKTE
- Demokratiese regeringsvorm geïmplementeer – vry en regverdige verkiesing gehou
- Implementeer kapitalisme
- Ontvang lenings vanaf die IMF en die Wêreldbank
- Diamante en olie bly die belangrikste aanwins
- Amerika en die Sowjet-Unie speel 'n belangrike rol om die burgeroorlog te beëindig
- Wapenstilstand gereël
- Humanitêre programme geloods om die standaard van lewe op te hef
- Enige ander relevante antwoord

NEGATIEWE ASPEKTE
- Politieke onstabiliteit in Angola
- Onophoudende burgeroorlog na die val van kommunisme
- Vier dekades van burgeroorlog veroorsaak dat Angola ekonomies onderontwikkel bly
- Mense met ondervinding en ingenieurs verlaat die land
- Buitelandse beleggers huiwerig om in Angola te belê
- Gewone burgers ly daaronder
- Miljoene gedood a.g.v. landmyne
- Die meeste mense sonder ledemate in die wêreld hier gevind
- Afhanklik van buitelandse hulp
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting:
Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 8) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

**[75]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: HOE HET DIE PROSES VAN ONDERHANDELING UITEINDELIK GELEI TOT DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994?**

3.1 3.1.1 [*Verduideliking van begrippe uit bron 3A–V1–LU2(AS1)*]

(a) **Referendum**

- Om oor een enkele aspek te stem
- Om ja of nee te stem
- Enige relevante verduideliking (Enige 1x2) (2)

(b) **Tussentydse Grondwet**

- 'n Tydelike grondwet
- Ooreenkoms wat tydens die veelparty-besprekings bereik is en wat aan die nuwe parlement na die verkiesing vir goedkeuring of verandering voorgelê sou word
- Enige ander relevante verduideliking (Enige 1x2) (2)

3.1.2 [*Onttrekking van bewyse uit bron 3A–V1 LU1(AS3)*]

- Is beskou as 'n blanko tjek vir die ANC waarin slegs hul wense vervat sou wees
- Sou die ANC bevoordeel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

3.1.3 [*Interpretasie van bewyse uit bron 3B–V2–LU2(AS2)*]

- Guerrilla-organisasie van die ANC
- Gebruik geweld om die apartheidsregering te beveg
- Enige ander relevante verduideliking (Enige 1x2) (2)

3.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit bron 3B–V3 –LU1(AS3)*]

**Kandidate moet verduidelik of die stelling regverdig of nie-geregverdig is nie. Kandidate moet hulle antwoord met relevante redes ondersteun.**

**Geregverdig**

- Skikking tussen die verskillende partye nog nie bereik nie
- Wantroue tussen die ANC en die NP tydens onderhandeling
- Sou die ANC verswak
- Iets waarop kon teruggeval word indien onderhandelinge misluk
- Enige ander relevante antwoord

**Nie-geregverdig**

- Geweldpleging het voortgeduur in Suid-Afrika
- Onderhandelinge kon misluk om 'n skikking te bereik
- Sekuriteitsmagte of polisie wat ook skuldig was aan geweld was is nie deur De Klerk gestraf nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.1.5 [*Interpretasie van bewyse uit bron 1C–V2–LU2(AS2)*]

- Reflekteer dat wit en swart saam sit om 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika op te stel
- Alle rasse saam sit om te besluit oor 'n nuwe dispensasie vir Suid-Afrika
- Strale wys dat hulle saamwerk vir 'n beter toekoms
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

3.2 3.2.1 [*Interpretasie en analise bewyse uit bron 3C–V3–LU1(AS3en4);LU2(AS2);LU3(AS2en3)*]

**Kandidate moet besluit of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling. Hulle moet hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**Stem saam**
- Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Nasionale Party was dit bereid om met die ANC te onderhandel
- In vorige verkiesings kon hulle reken op die stemme van slegs blankes
- Die NP se verkiesings veldtog was ook op swart gebiede gevestig
- De Klerk se aankondiging het tot die beëindiging van apartheid gelei
- Enige ander relevante antwoord

**Stem nie saam nie**
- NP het gehoop dat hulle nog steeds in 'n magsposisie sou wees
- Internasionale en interne druk het die NP gedwing om hul beleid te verander
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

3.2.2 [*Interpretasie en sintese van bewyse uit bron 3B–V3–LU2(*AS*)*]

- Om vrees by swartes in te boesem om nie te stem nie
- Ver-regse organisasies wie nie deel was van die onderhandelinge was gekant teen die verkiesing
- Swart tuisland leiers was nie gelukkig met ooreenkomste wat bereik is nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

3.2.3 [*Interpretasie van bewys uit bron 3B–V2–LU2(AS1)*]

- In die verlede kon slegs blankes stem
- Veldtog om swart stemme ook te werf
- Die party wat die meeste stemme wen sou die regerende party word (Enige 1x2) (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3 3.3.1 [*Interpretasie van bewyse uit bron 3C–V2–LU2(AS1)*]

- Vasberadenheid vir verandering
- Baie het vir die eerste keer in hul lewens gestem
- Geduldig om te stem
- Vasbeslote om politieke regte te verkry
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

3.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit bron 3C–V2–LU2(AS3)*]

- Opgewonde omdat hy vir die eerste keer stem
- Gelukkig
- Verlig
- Tevrede
- Optimisties oor die toekoms
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3x1) (3)

3.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit bron 3C–V1–LU1(AS3)*]

**Bruikbaar**
- Is 'n primêre bron
- Wys die gebeure van die dag
- Enige ander relevante antwoord

**Nie Bruikbaar Nie**
- Nie 'n werklike weergawe van die historiese dag nie
- Slegs een kieserstasie word gewys terwyl daar vele regoor die land was
- Miljoene mense het op hierdie dag gestem, slegs een groep word weerspieël
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

3.3.4 [*Interpretasie en evaluering van bewyse uit bron 3C–V3–LU3(AS2)*]

- Om die mense van dié verdeelde provinsie te wys dat daar geen gevaar was om te gaan stem nie
- Om eenheid tussen die ANC en IVP te bring
- Geweld sou stop
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.4 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne –V3–LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- 27 April 1994 - besluit op as die datum vir verkiesing
- Alle politieke partye loods verkiesingsveldtogte
- Behalwe die IVP
- Suid-Afrikaners entoesiasties, ywerig, geduldig
- Baie Suid-Afrikaners stem vir die eerste keer in hul lewens
- Mense wag ure in lang toue
- Geen insidente van geweld aangemeld
- OVK (IEC) verklaar verkiesing vry en regverdig
- Enige ander relevante antwoord (6)

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken**:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. **Toon geen of min begrip oor hoe die 1994-verkiesing deur Suid-Afrikaners hanteer is.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **Toon begrip van hoe Suid-Afrikaners die 1994-verkiesing hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe Suid-Afrikaners die 1994-verkiesing hanteer het.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **Punte: 5 – 6** |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.5.1 [*Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede –V1– LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die proses van onderhandeling uiteindelik tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gelei het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding:
Kandidate kan aandui hoe De Klerk se aankondiging die onderhandelingsproses begin het.

Uitbreiding:
- Vrylating van Mandela - die proses van onderhandeling tussen verskeie politieke partye begin
- Samesprekings tussen Mandela en De Klerk begin - 11 April 1990
- Groote Schuur-samesprekings
- Albei partye toegewyd om geweld te staak
- Meer samesprekings - die sogenoemde Pretoria-notule
- Later het Kodesa 1 gevolg
- Die Verklaring van Onderneming
- Sekere groepe soos die PAC, KP en IVP boikot die samesprekings
- Kodesa 2 gehou in Mei 1992
- Eerste demokratiese verkiesing
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting:
Kandidate moet hulle argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 7) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.5.2 [*Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer- gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun – V2– LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe Nelson Mandela, 'n gewese tronkvoël, president van Suid-Afrika geword het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding:
Kandidate kan verwys na die historiese belangrikheid van 2 Februarie 1990-toespraak.

Uitbreiding:
- De Klerk se besluit om politieke partye te ontban
- Vrylating van politieke gevangenes
- Samesprekings begin (Groote Schuur, Pretoria-notule)
- Geskille by samesprekings
- Tussentydse grondwet
- Kodesa 1 en 2
- Slegs blanke referendum gehou
- Gelei tot die eerste demokratiese verkiesing
- Verkiesingsveldtogte
- Baie mense stem vir die eerste keer
- Mense wag geduldig in lang toue
- OVK verklaar verkiesing vry en regverdig
- Nelson Mandela word die eerste swart president
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting:
Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 8) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)
**[75]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEID-EN–VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESPEEL OM DIE SIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIE TE GENEES?**

4.1 4.1.1 [*Verduideliking van begrip uit bron 4A–V1–LU1(AS3)*]

- Samewerking om die ongeregtigheid van die verlede te herstel
- Enige ander verduideliking (Enige 1x2) (2)

4.1.2 [*Interpretasie en sintese van bewyse uit bron 4A–V2–LU2(AS3)*]

- Om een, verenigde nasie te ontwikkel
- M Om burgerlikes bewus te maak van hul verpligtinge teenoor mekaar
- Om burgerlikes bewus te maak van hul verpligtinge teenoor hul land
- Belangrik in die bou van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

4.1.3 [*Onttrekking van bewyse uit bron 4A–V1–LU1(AS3)*]

- Om afgebreekte vertroue te herstel
- Om 'n nuwe verhouding van vertroue te herstel
- Om tasbare dade van vertroue te ontwikkel
- Om toestande wat vertroue ondermyn te verwyder

(Enige 2x2) (4)

4.1.4 [*Interpretasie en sintese van bewyse uit bron 4A–V3–LU3(AS2)*]

**Kandidate moet 'n standpunt inneem of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Hulle moet hul keuse met relevante bewyse ondersteun.**

**Stem saam**
- Dit was noodsaaklik om 'n verenigde nasie en land tot stand te bring
- Om die growwe skending van menseregte in die toekoms te voorkom
- Om vergifnis oor wandade van die verlede te verkry
- Om voortdurende geweld, haat en bitterheid af te weer
- Enige ander relevante antwoord

**Stem nie saam**
- Nie almal was bereid om te bely of te vergewe nie
- Sommige het gevoel misdadigers moet gestraf word en nie amnestie kry nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4.1.5 [*Vergelyking van inligting uit bron 4A–V3–LU2(AS2)*]

- Vreedsame herstellende geregtigheid streef om vergifnis, vrede en 'n einde aan lyding te bring
- Wraaksugtige geregtigheid is gevestig op haat, wraak en wil skuldiges straf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

4.2 4.2.1 [*Interpretasie en sintese van bewyse uit bron 4B–V3–LU2(AS2)*]

- Ver-regse konserwatiewe party het verandering nie aanvaar nie
- Sommige leiers van die tuislande was bekommerd oor hul onafhanklikheid
- Die onderdrukking wat verduur is deur die meerderheid kon nie gou vergeet word nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

4.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit bron 4B–V2–LU1(AS1)*]

- IVP
- Buthelezi (Enige 1x2) (2)

4.2.3 [*Interpretasie van bewyse uit bron 4B–V2–LU2(AS2)*]

- Mense het die geleentheid gekry om die waarheid te beken
- Sommige het verlig gevoel nadat hulle bely het
- Ander het tevrede gevoel nadat hulle vir die eerste keer gehoor het wat met geliefdes gebeur het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

4.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit bron 4B–V2–LU1(AS1)*]

- Die waarheid
- Wandade wat gepleeg is
- Apartheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.3 4.3.1 [*Interpretasie en analise van bewyse uit bron 4C–V3–LU3(AS2en3)*]

**Kandidate moet besluit of hulle saamstem of nie saam stem met die stelling nie. Hulle moet hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**Stem saam**

- Sommige slagoffers wou hê dat diegene wat skuldig was aan growwe menseregte skendings gestraf moes word
- Mxenge het gevoel skuldiges het te lig afgekom- nadat hulle beken het en amnestie verkry het
- Enige ander relevante antwoord

**Stem nie saam nie**

- Die WVK se doelwit was om te vergewe en te vergeet
- Om rekonsiliasie te bring
- Wou hê die waarheid wat vir so lank verborge was, geopenbaar word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

4.3.2 [*Interpretasie en evaluering van bewyse uit bron 4C–V2–LU2(AS2)*]

- Die meeste lede het verbintenis met die ANC gehad
- Sou nie objektief wees nie
- Sou die ANC bevoordeel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

4.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit bron 4C–V2–LU2(AS2)*]

**Nee**

- Nie net het skenders van menseregte aan die ANC se kant, maar ook lede van die sekuriteitsmagte het amnestie verkry
- Enige ander relevante antwoord

**Ja**

- Motiveer jou antwoord (Enige 1x2) (2)

4.3.4 [*Onttrekking van bewyse uit bron 4C–V1–LU1(AS3)*]

Vir sy samestelling:

- Het die WVK meer gefokus op die oortreders of slagoffers
- Die aard van ŉ daad was net liggies geskets
- Kruisondervraging van slagoffers was nie toegelaat nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3x1) (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.4 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3– LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Nelson Mandela wou rekonsiliasie in Suid-Afrika teweeg bring
- Om die gesindheid van haat, bitterheid en rassisme te verander
- Bely growwe skending van menseregte
- Om die siel van Suid-Afrikaners te genees
- Verlore vertroue te herstel
- Gehelp om die lug te suiwer
- Sommige nie gelukkig oor die kwessie van amnestie nie
- Almal nie gelukkig met die samestelling van die WVK nie
- WVK sou ANC bevoordeel
- Enige ander relevante antwoord (6)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. **Toon geen of min begrip dat almal nie gelukkig was met die werksaamhede van die WVK en anders wel goeie intensies gehad het**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **Toon begrip dat almal nie gelukkig was met die werksaamhede van die WVK en anders wel goeie intensies gehad het**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip dat nie almal gelukkig was met die werksaamhede van die WVK nie en andere wel goeie intensies gehad het**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.5.1 [*Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede –V1– LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik watter rol die WVK gespeel het om die siel van Suid-Afrikaners te genees.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding:
Kandidate kan aanvoer waarom Nelson Mandela rekonsiliasie noodsaaklik geag het.

Uitbreiding:
- Stigting van WVK
- Doel van die WVK
- Die geleentheid gebied om die waarheid oor wandade wat in die verlede gepleeg is aan te hoor
- Was toegewyd om rekonsiliasie tussen slagoffers en wandaders te bewerkstellig
- Geleentheid om vergifnis te verkry
- Kwessie van amnestie
- Vergoeding aan slagoffers verskaf
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting:
Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 7) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.5.2 [*Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer - gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun – V2– LU1(AS3en4);LU2(AS1,2en3);LU3(AS1,2,3en4)*]

SINOPSIS
Kandidate moet 'n artikel skryf oor hoe rekonsiliasie onder Suid-Afrikaners teweeg gebring is deur die WVK, ten spyte van die samestelling en kritiek daarteen.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

<u>Inleiding</u>:
Kandidate kan agtergrond of redes vir die totstandkoming van die WVK noem.

<u>Uitbreiding</u>:
- Bitterheid, haat en rassisme te beëindig
- Versoening onder die verskillende rasse te bring
- Besef dat slegs die waarheid genesing sou bring
- Verenigde nasie te bou
- Mekaar kon vergewe vir wandade
- Teenkanting teen die samestelling van die WVK
- Sommige voel die WVK die ANC bevoordeel
- Teenkanting teen amnestie
- Enige ander relevante antwoord

<u>Samevatting</u>:
Kandidate moet hul argument met relevant samevatting afsluit.

**Gebruik die matriks (bladsy 8) om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

Downloaded from eduresourceza.com